

Ds. A. W. C. Bester
Warmbad
10 November 1968

Onderwerp: Die verlore seun
Lees: Lukas 15 verse 11 tot 32
Teks: Lukas 15 verse 11 tot 12
Sing: Psalm 116 verse 1 en 10
Psalm 68 vers 3
Psalm 147 vers 1

“Elke reggeaarde ouer staan met stille verwondering, met innige dankbaarheid, nederigheid en aanbidding by die wieg van ’n pasgebore kindjie. Want ’n kindjie is ’n wonderlike gawe van die Gewer van alle lewe. Langs hierdie weg word ’n kosbare nuwe lewe in die sorg van swakke mensehande toevertrou. ’n Wonderlike geleentheid word aan ’n vader en moeder gegee om ’n mensekind op te voed; die karakter te bou en iemand deur gebede, voorbeeld, geestesarbeid en sielesorg terug te gee en toe te wy aan Hom wat gegee het. En soos die kindjie groei en sekere kenmerke en talente tot openbaring kom, kom die vraag in die ouerhart op, soos van ouds by die geboorte van Johannes die Doper: ‘Wat sal tog van hierdie kindjie word?’ (Luk 1:66)

“So was daar volgens die gelykenis in Lukas 15 ook eenmaal ’n vader wat twee seuns gehad het. Veral oor die jongste het hy dikwels gewonder, totdat hierdie seun gekom en gesê het: ‘Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom.’

“Hoe ongelooflik ookal, sy kind wou weg. Hy was nie meer tevrede om onder sy vader se sorg en in die skuiling van sy huis te vertoef nie. Hierdie seun was nie meer tevrede met al sy seëninge en voorregte van die ouerhuis nie.

“Dit is hierby wat ons graag in hierdie oordenking wil stilstaan en kyk of ons nie soos hierdie seun is nie. Ons is per slot van sake elkeen in ons verhouding met God iewers op hierdie pad: miskien as verbondskind nog in die huis van die Vader; miskien as verlorene op die pad na die vêr land; miskien diep geval en gesonke in die moeras van sonde soos die verlore seun tussen die varke; of dalk besig om walgende aan die sondelewe huiswaarts te keer deur die genade van God; of dalk reeds gelukkig tuis vir die eerste maal of by hernuwing.

“Die verlore seun was nie tevrede met die voorregte van sy vaderhuis nie. Hy het onvergenoegd vanuit die vaderhuis sy oë gehad op die vêre horison van die vreemde land - ’n beeld van die lewe van baie mense wat blind geword het vir die goeie van die Vaderhuis en steeds hunker na die vêre land.

“Broers en Susters, laat ons let op die voorregte wat die verlore seun in sy vaderhuis gehad het, want dit mag miskien ons oë open en lei tot ’n herwaardering van ons besit. Miskien sal dit geluk in die hart bring. Miskien sal dit die lang reis uitskakel en baie smarte bespaar.

Wat ’n voorreg om ’n Vader te hê van Wie ons kan vra: ‘Vader, gee my’.

“Ouerskap is ’n groot verantwoordelikheid en nie almal besef of ontvang die genade om hierdie plig met takt en wysheid te vervul nie. Maar dit kon die verlore seun sy vader nie verwyt nie. Hierdie verlore seun het ’n verstandige vader gehad. As vader het hy sy seun goed genoeg geken om hom te laat begaan. Hoewel sy hart seker kon breek, het hy voldoen aan die eis van sy seun. Hy kon met minagting die eis van sy seun verwerp het, nogtans het hy hom sy regmatige deel gegee. Hy het besef dat hy hom kon dwing om te bly. Maar hy het geweet dat hy dan altyd sou moes sukkel met sy seun se ontevredenheid en onvergenoegdheid. Hy het besef dat hy hom elders besig kon hou, maar dan om vir altyd die hunkering na die vêre land by hom op te merk. Hy het besef dat hy kon weier, om later deur sy eie seun besteel te word. Ook het hy besef dat hy moes kies tussen ’n eervolle afskeid, of dalk ’n skandelige wegdros. En later het hy sy seun met soveel liefde ontvang, wetende dat verwyte niks goeds sou vermag het nie. Dit alles toon watter vader die seun agtergelaat het.

“Die verlore seun het ook ’n familie- en vriendekring gehad. Dit is ’n voorreg wat baie mense as iets vanselfsprekends beskou.

“Ons lewe in ’n tyd en wêreld waarin die voortbestaan van die Christelike huisgesin ernstig bedreig word. Slagoffers van egskeiding en kinderverwaarlosing word by die duisende getel. Miskien kan ons, ons indink in die posisie van so ’n kind. As ons self hierdie pad gegaan het, of moet gaan, sal ons weet wat die kind moet ontbeer wat die liefde, vrede en eenheid van ’n gelukkige huisgesin nie kan smaak nie: om geken en bemin te wees; om iewers in te pas; om waardeer te word; om jou eie plekkie te kan

hê; om versorg en soms vertroetel te wees; om te weet ek is welkom; om iets ook my eie te kan noem; om te weet hier is my vader, my moeder en my broer. Dit alles bied die gelukkige huisgesin. Geen wonder dat die Psalmdigter skryf nie: 'God laat die eensames woon in 'n huisgesin'. (Ps 68:7)

"Hoe warm, gelukkig en ryker kan 'n mens se vriende en hulle vriendskap jou nie maak nie. Dit het die verlore seun seker ook gesmaak in sy vaderhuis en vriendekring.

"Gebrek en kommer oor daaglikse brood, honger ly en swoeg het die seun skynbaar nie geken nie. In die gelykenis vind ons soveel bewyse van voorspoed, waarin hy gedeel het. Hy het die vrymoedigheid gehad om 'n deel van die eiendom te gaan vra. Daar was dus soveel, dat dit verdeel kon word. Sy deel was sodanig dat hy kans gesien het om elders daarmee 'n bestaan te gaan maak. Hy het soveel ontvang dat hy kwistig en losbandig kon gaan lewe. Dit het opsigself in die veld vir hom vriende verwerf, mense wat toegestroom het om te aas en te deel in sy voorspoed.

"Sy vader het ook baie mense in diens gehad: diensknegte en slawe. Hulle het oorvloed van brood gehad. Ook sy ontvangs later, dui op welgesteldheid. Hy het 'n kleed, 'n ring en skoene ontvang; 'n kwistige maal en 'n vetgemaakte kalf; met musiek en beurtsange by sy tuiskoms. In hierdie milde voorsiening het die verlore seun gedeel. Hy was bereid om hiervan afskeid te doen omdat hy nog nooit geleer het om dit te waardeer nie.

"Alhoewel 'n huis nie sonder dissipline kan bestaan nie, het hierdie seun oor persoonlike vryheid beskik. Sy vader het besef dat hy die persoonlike vryheid van sy seun nie kon inperk nie. Onder dwang sou sy verblyf onhoudbaar geword het vir sy hele familiekring. Die vader het sy seun geken en geweet om hom te laat begaan, al sou dit skande, smaad, verlies en ontbering meebring. Die skoolgeld sou wel duur wees, maar die les die moeite werd om te leer. Daarom het hy hom laat begaan, al het hy geweet dat niks in die verre vreemde sou kon opweeg of vergelyk met die seëninge en milde voorsiening van sy vaderhuis nie; en dat sy seun juis in sy gewaande vryheid in die vreemde die vernederende juk van knegskap en slawerny sou moes smaak.

"En dit, kind van God, gaan ons soos die verlore seun ontbeer as ons bly luister na die beeldinge van ons eie hart, as ons weier om met blydschap die ewige

reëling vir ons lewe en ons verblyf met ons Vader te aanvaar.

“Dit is wat die verlore seun en verlore dogter ontbeer op die pad van verlorenheid en sonde. God het ons tot hiertoe nog altyd laat begaan. Ons het daardie vryheid om op die pad van sonde te volhard. Maar ons moet erken dat dit vir ons geen ware vryheid bring nie. Inteendeel, diegene wat dit kies, is magtelose slawe van die sonde, magteloos gebonde tussen varke wat jou lewe, tyd en kragte beheer. ‘As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.’ (Joh 8:36)

“Op die pad van sonde ontbeer ons ook die milde voorsiening van die Vader. Tereg kan gevra word: ‘Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie?’ (Jes 55:2) Kom na die Vaderhuis in sy milde voorsiening: ‘Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig.’ (Jes 55:2) ‘U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.’ (Ps 23:5) ‘En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus.’ (Fil 4:19)

“En daarby ontbeer ek op die pad van sonde ook die liefde van die huisgenote van God. Watter voorreg is die gemeenskap van die Heiliges. Hoe ryk kan u wees om soveel Broers en Susters in Christus Jesus te kan besit?

“Verder ontbeer u die Vaderskap van God wat sê: ‘... Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle ’n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.’ (2 Kor 6:17-18) ‘Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo’. (Joh 1:12)

“Maar bowenal, Broers en Susters, op die pad van sonde is ons arm, wees en nog erger - ’n kind van die hel; terwyl ons kinders van God kan wees. Ons kan Hom, die Almagtige ten nouste betrek in ons lewe deur ons net aan Hom oor te gee. Sal ons dan nie by die aanskoue en oordenking van die voorregte wat God ons bied en waarin ons kan deel, onself in God se hande stel nie?

“God alleen ken die regte pad na die Hemel. Wat ’n heerlike vooruitsig om met ons Vader te lewe. Wat ’n eenvoudige keuse.

“Wat ’n dwaasheid om die pad deur die vreemde, tussen varke, na die hel te kies.

“Amen.”